W. *Winkel* beteken 'n perseel of gebou of struktuur wat aangewend word vir die bedryf van 'n kleinhandelsaak en omvat 'n kwekery, restaurant, kleinwassery, kleindroogskoonmakery of kleinhandelsaak waar goedere wat in sodanige saak verkoop word, vervaardig of herstel word; met dien verstande dat die vloerruimte wat verband hou met sodanige vervaardiging of herstel, hoogstens een derde van die vloerruimte van die winkel is; "winkel" omvat nie 'n nywerheid, openbare garage, diensstasie, drankwinkel of supermark nie.

*Wooneenheid* beteken 'n selfstandige intertoeganklike groep kamers met nie meer as een kombuis nie, wat slegs as woonplek en die huisvesting van 'n enkele gesin gebruik word, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik saam daarmee gebruik word.

*Woongebou* beteken 'n gebou (uitgesonderd 'n woonhuis, groepshuis, dorpshuis of woonstelle) vir bewoning deur mense, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik saam daarmee gebruik word, en omvat 'n losieshuis, woonkamers, 'n gelisensieerde hotel (uitgesonderd 'n buiteverbruikfasiliteit), ouetehuis, kinderhuis en koshuis, maar omvat nie geboue wat, hetsy by wyse van insluiting of uitsluiting, in die omskrywings van "onderrigplek" of "inrigting" vermeld word nie.

*Woonhuis* beteken 'n losstaande gebou wat slegs een wooneenheid bevat.

*Woonstelle* beteken 'n gebou bestaande uit drie of meer wooneenhede vir bewoning deur mense, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik saam daarmee gebruik word; met dien verstande dat in dié sones waar woonstelle toelaatbaar is, minder as drie wooneenhede ook toelaatbaar is, hetsy met die spesiale toestemming van die raad al dan nie, in 'n gebou wat vir ander doeleindes as woonsteldoeleindes goedgekeur word.

*Woonwa* beteken enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur mense vir woon- of slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie.

*Wrakwerf* beteken 'n gebou of grond wat aangewend word vir een of meer van die volgende doeleindes:

(a) Die opberging, stort of versameling van rommel of afvalmateriaal of artikels waarvan die waarde hoofsaaklik of geheel en al afhang van die materiaal waaruit dit saamgestel is;

(b) die aftakeling van tweedehandse voertuie of masjinerie met die doel om onderdele of materiaal daaruit te herwin, en

(c) die opberging of verkoop van tweedehandse pype, pale, staalseksies, draad, timmerhout, buitebande, bakstene, houers of ander artikels wat geskik is om in die ope lug gelaat te word sonder dat enige ernstige skade daaraan veroorsaak word.

## 2.0 GRONDGEBRUIK

### 2.1 *Gebied van soneringskema*

Die omvang van die soneringskema word aangetoon op die soneringskaart(e) in soverre die soneringskema gekarteer is.

### 2.2 *Sonering volgens aanwending*

Notasies op die soneringskaart het ten doel om grondgebruik aan te toon en nie grondbesit nie. Grond wat aan 'n openbare owerheid behoort, word slegs by die owerheidsone ingedeel indien die aanwending daarvan sodanig is dat geen ander sone in Tabel B toepaslik is nie.

*Subdivisional area* means land contemplated by section 22(1)(a) of the Ordinance which, in terms of section 14(4), 16 or 18 and subject to—

(a) a density requirement;

(b) the conditions and stipulations contained in these regulations;

(c) the planning stipulations of any applicable structure plan, and

(d) any other conditions laid down at the time of the approval of the rezoning,

has been rezoned to a subdivisional area.

*Supermarket* means a retail concern with a net retail floor space of not less than 350 m², which is utilised for sales on a basis of self-service and where the goods for sale fall in one or more of the following categories:

(i) Foodstuffs;

(ii) toiletries, and

(iii) household cleansing agents.

T. *The Ordinance* means the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985).

*Tourist facilities* means amenities for tourists such as lecture rooms, restaurants, gift shops and restrooms permitted by the Council as a consent use, but does not include overnight accommodation.

*Town house* means a dwelling unit which forms part of a town housing scheme.

*Town housing* means a row or group of linked and/or attached dwelling units planned, designed and built as a harmonious architectural entity, of which every dwelling unit has a ground floor; such dwelling units may be cadastrally subdivided.

*Town housing site* means one or more land units on which a town housing scheme has been or is to be erected.

*Transport usage* means a transport undertaking based on the provision of a transport service and includes public and private undertakings.

W. *Warehouse* means a site, building or room where goods are stored or a wholesale business or service trade is conducted.

Z. *Zone* used both as a noun and a verb has the meaning assigned thereto in the Ordinance.

*Zoning* has the meaning assigned thereto in the Ordinance.

*Zoning map* has the meaning assigned thereto in the Ordinance.

*Zoning scheme* has the meaning assigned thereto in the Ordinance.

## 2.0 LAND USE

### 2.1 *Area of zoning scheme*

The extent of the zoning scheme is indicated on the zoning map(s) in so far as the zoning scheme is mapped.

### 2.2 *Zoning according to utilisation*

Notations on the zoning map are intended to indicate land use and not land ownership. Land falling under the ownership of a public authority shall only be included in the authority zone if the utilisation thereof is such that no other zone in Table B is appropriate. If any

| 1 Sonering | 2 Kleurnotasie | 3 Monochroomnotasie Monochrome notation | Letratone | 1 Zoning | 2 Colour notation |
|---|---|---|---|---|---|
| Institusionele sone II | Grys met swart arsering | | LT 953 | Institutional zone II | Grey with black hatching |
| Institusionele sone III | Grys met swart kruislynarsering | | LT 175 | Institutional zone III | Grey with black cross-line hatching |
| Oordsone I | Pienk | | LT 956 | Resort zone I | Pink |
| Oordsone II | Pienk met swart arsering | | LT 240 | Resort zone II | Pink with black hatching |
| Oopruimtesone I | Donkergroen | | LT 98 | Open space zone I | Dark green |
| Oopruimtesone II | Donkergroen met swart arsering | | LT 995 | Open space zone II | Dark green with black hatching |
| Oopruimtesone III | Donkergroen omlying | | LT 926 | Open space zone III | Dark-green outline |
| Vervoersone I | Donkerbruin | | LT 124 | Transport zone I | Dark-brown |
| Vervoersone II | Ligbruin | | | Transport zone II | Light-brown |
| Vervoer zone III | Ligbruin met swart arsering | | LT 166 | Transport zone III | Light-brown with black hatching |
| Owerheidsone | Rooi | | LT 158 | Authority zone | Red |
| Spesiale sone | Blou-groen | | LT 164 | Special zone | Blue-green |
| Onbepaalde sone | Blou-groen met bloupers omlyning | | LT 1 | Undetermined zone | Blue-green with blue-purple outline |
| Onderverdelingsgebied | | | | Subdivision area | |
| Plaaslike Owerheidsgrens | | | | Local Authority boundary | |

2.5 *Oprigting van geboue en aanwending van grond in gespesifiseerde gebruiksones*

Die doeleindes, genoem primêre gebruike, waarvoor grond aangewend mag word in die onderskeie sones in kolom 1 van Tabel B aangedui, word in kolom 2 van Tabel B vermeld. Die doeleindes, genoem vergunningsgebruike, waarvoor grond met die toestemming van die raad aangewend of geboue opgerig mag word in die onderskeie sones in kolom 1 van Tabel B aangedui, word in kolom 3 van Tabel B vermeld. Enige gebruik wat nie in kolom 2 of 3 voorkom nie, mag, behoudens andersluidende bepalings van die Ordonnansie en hierdie regulasies, nie in die betrokke sone toegelaat word nie.

In die geval van grond wat op 1 Julie 1986 onbebou was, word die aanwending daarvan vir die doel van sonering soos beoog by artikel 14(1) van die Ordonnansie, geag die gebruik te wees wat ingevolge titelvoorwaardes wat deur die Administrateur opgelê is, toegelaat word, of, indien meer as een gebruik aldus toegelaat word, een van sodanige gebruike soos deur die betrokke raad bepaal.

2.5 *Erection of buildings and utilisation of land in specified use zones*

The purposes, called primary uses, for which land may be utilised in the various zones indicated in column 1 of Table B are shown in column 2 of Table B. The purposes, called consent uses, for which land may be utilised or buildings may be erected with the consent of the council in the various zones indicated in column 1 of Table B are set out in column 3 of Table B. Any use not reflected in column 2 or 3 shall, subject to any provisions to the contrary in the Ordinance and these regulations, not be permitted in the zone concerned.

In the case of land that was vacant on 1 July 1986, the utilisation thereof shall, for purposes of zoning as contemplated by section 14(1) of the Ordinance, be deemed to be the use which is permitted in terms of title conditions imposed by the Administrator, or, where more than one use is so permitted, one of such uses as determined by the council concerned.

Daar moet op gelet word dat die geboue en gebruike wat ingevolge Tabel B toegelaat word of met raadstoestemming goedgekeur kan word, onderworpe kan wees aan afwykings, wat die reg verbonde aan 'n grondeenheid in effek meer of minder beperk kan maak as wat blyk uit die notasie op die kaart. In sodanige gevalle moet die relevante inligting met betrekking tot die grondeenheid aangeteken word in die register wat vir hierdie doel bygehou word (sien regulasie 2.3).

It must be noted that the buildings and uses which are permitted in terms of Table B or may be approved with the consent of the council may be subject to departures, which may in effect make the right attached to a land unit more or less restricted than is apparent from the notation on the map. In such cases the relevant information relating to the land unit shall be recorded in the register kept for this purpose (see regulation 2.3).

TABEL B

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| *Sonering* | *Primêre gebruik* | *Vergunningsgebruike* |
| Landbousone I | Landbou | Addisionele wooneenhede, plaaswinkel, plaasstalletjie, intensiewevoerboerdery, ryskool, kwekery, diensbedryf, toeristefasiliteite |
| Landbousone II | Landbounywerheid | Toeristefasiliteite, plaaswinkel |
| Residensiële sone I | Woonhuis | Addisionele wooneenheid |
| Residensiële sone II | Groepshuis | Woonhuis, aftreeoord |
| Residensiële sone III | Dorpshuis | Woonhuis, groepshuis, aftreeoord |
| Residensiële sone IV | Woonstelle | Woonhuis, groepshuis, dorpshuis, openbare behuising, professionele gebruik |
| Residensiële sone V | Woongebou | Groepshuis, dorpshuis, woonstelle, openbare behuising, professionele gebruik, vergaderplek |
| Sakesone I | Sakegebou | Dorpshuis, woonstelle, woongebou, vergaderplek, vermaaklikheidsplek, onderrigplek, inrigting, drankwinkel, supermark, diensbedryf |
| Sakesone II | Winkel<br>restaurant | Dorpshuis, woonstelle, woongebou, vergaderplek, kantore, supermark |
| Sakesone III | Kantore | Dorpshuis, woonstelle, woongebou, vergaderplek, vermaaklikheidsplek, supermark |
| Sakesone IV | Pakhuis | Vergaderplek, vermaaklikheidsplek, onderrigplek, vervoergebruik, supermark |
| Sakesone V | Diensstasie | Openbare garage |
| Nywerheidsone I | Nywerheid | Pakhuis, openbare garage, vervoergebruik, wrakwerf |
| Nywerheidsone II | Hinderbedryf | Nywerheid, pakhuis, openbare garage, wrakwerf |
| Nywerheidsone III | Mynbou | Geen |
| Institusionele sone I | Onderrigplek | Vergaderplek |

TABLE B

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| *Zoning* | *Primary use* | *Consent uses* |
| Agricultural zone I | Agriculture | Additional dwelling units, farmstore, farmstall, intensive-feed farming, riding school, nursery, service trade, tourist facilities |
| Agricultural zone II | Agricultural industry | Tourist facilities, farmstore |
| Residential zone I | Dwelling-house | Additional dwelling unit |
| Residential zone II | Group house | Dwelling-house, retirement village |
| Residential zone III | Town house | Dwelling-house, group house, retirement village |
| Residential zone IV | Flats | Dwelling-house, group house, town house, public housing, professional usage |
| Residential zone V | Residential building | Group house, town house, flats, public housing, professional usage, place of assembly |
| Business zone I | Business premises | Town house, flats, residential building, place of assembly, place of entertainment, place of instruction, institution, bottle-store, supermarket, service trade |
| Business zone II | Shop | Town house, flats, residential building, place of assembly, offices, supermarket |
| Business zone III | Offices | Town house, flats, residential building, place of assembly place of entertainment, supermarket |
| Business zone IV | Warehouse<br>wholesale storage | Place of assembly, place of entertainment, place of instruction, transport usage, supermarket |
| Business zone V | Service station | Public garage |
| Industrial zone I | Industry | Warehouse, public garage, transport usage, scrapyard |
| Industrial zone II | Noxious trade | Industry, warehouse, public garage, scrapyard |
| Industrial zone III | Mining | None |
| Institutional zone I | Place of instruction | Place of assembly |

TABEL B (*vervolg*)

| 1<br>*Sonering* | 2<br>*Primêre gebruik* | 3<br>*Vergunningsgebruike* |
|---|---|---|
| Institusionele sone II | Bedehuis | Pastorie, vergaderplek |
| Institusionele sone III | Inrigting | Vergaderplek |
| Oordsone I | Vakansieakkommodasie | Oordwinkel, toeristefasiliteite |
| Oordsone II | Vakansiehuisvesting | Motel, gelisensieerde hotel, toeristefasiliteite, oordwinkel |
| Oopruimtesone I | Openbare oopruimte | Geen |
| Oopruimtesone II | Privaat oopruimte | Geen |
| Oopruimtesone III | Natuurreservaat | Geen |
| Vervoersone I | Vervoergebruik | Geen |
| Vervoersone II | Openbare pad | Geen |
| Vervoersone III | Openbare parkering | Geen |
| Owerheidsone | Owerheidsgebruik | Geen |
| Spesiale sone | Spesiale gebruik | Geen |
| Onbepaalde sone | Geen | Geen |

3.0 BEPLANNINGSBEHEER

Die volgende bepalings is in die betrokke sones van toepassing:

3.1 LANDBOUSONE I

3.1.1 *Kleurnotasie:* geelgroen omlyning.

*Primêre gebruik:* landbou.

*Vergunningsgebruike:* addisionele wooneenhede, plaaswinkel, plaasstalletjie, intensiewevoerboerdery, ryskool, kwekery, diensbedryf, toeristefasiliteite.

3.1.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Straatboulyn:* minstens 30 m.

*Kantboulyn:* minstens 30 m.

3.1.3 Die bepalings vervat in 'n tersaaklike gidsplan wat ingevolge artikel 6A van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), geld, is *mutatis mutandis* van toepassing as verdere grondgebruikbeperkings in hierdie sone.

3.1.4 Geen plaaswinkel, plaasstalletjie, kwekery, diensbedryf of toeristefasiliteite mag in hierdie sone binne 5 km van die grens van Bophuthatswana, Transkei of Ciskei goedgekeur word sonder die toestemming van die regering van sodanige staat nie.

3.2 LANDBOUSONE II

3.2.1 *Kleurnotasie:* geelgroen.

*Primêre gebruik:* landbounywerheid.

*Vergunningsgebruike:* toeristefasiliteite, plaaswinkel.

3.2.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Straatboulyn:* minstens 30 m.

*Kantboulyn:* minstens 30 m.

*Parkering:* minstens een parkeerplek per 200 m² van die totale vloerruimte.

3.2.3 *Op- en aflaai*

Vir die doel van die laai en aflaai van voertuie moet daar min-

TABLE B (*continued*)

| 1<br>*Zoning* | 2<br>*Primary use* | 3<br>*Consent uses* |
|---|---|---|
| Institutional zone II | House of worship | Parsonage, place of assembly |
| Institutional zone III | Institution | Place of assembly |
| Resort zone I | Holiday accommodation | Resort shop, tourist facilities |
| Resort zone II | Holiday housing | Motel, licensed hotel, tourist facilities, resort shop |
| Open space zone I | Public open space | None |
| Open space zone II | Private open space | None |
| Open space zone III | Nature reserve | None |
| Transport zone I | Transport usage | None |
| Transport zone II | Public road | None |
| Transport zone III | Public parking | None |
| Authority zone | Authority usage | None |
| Special zone | Special usage | None |
| Undertermined zone | None | None |

3.0 PLANNING CONTROL

The following provisions shall apply in the relevant zones:

3.1 AGRICULTURAL ZONE I

3.1.1 *Colour notation:* yellow-green outline.

*Primary use:* agriculture.

*Consent uses:* additional dwelling units, farmstore, farmstall, intensive-feed farming, riding school, nursery, service trade, tourist facilities.

3.1.2 *Land use restrictions*

*Street building line:* at least 30 m.

*Side building line:* at least 30 m.

3.1.3 The provisions contained in a relevant guide plan that is in force in terms of section 6A of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), shall *mutatis mutandis* apply as additional land use restrictions in this zone.

3.1.4 No farmstore, farmstall, nursery, service trade or tourist facilities shall be approved in this zone within 5 km of the border of Bophuthatswana, Transkei or Ciskei without the consent of the government of such state.

3.2 AGRICULTURAL ZONE II

3.2.1 *Colour notation:* yellow-green.

*Primary use:* agricultural industry.

*Consent uses:* tourist facilities, farmstore.

3.2.2 *Land use restrictions*

*Street building line:* at least 30 m.

*Side building line:* at least 30 m.

*Parking:* at least one parking bay per 200 m² of the total floor space.

3.2.3 *Loading and unloading*

For the purpose of loading and unloading vehicles, at least two

stens twee laaiplekke voorsien word vir elke 500 m² of gedeelte daarvan van die oppervlakte wat vir die nywerheid benut word.

3.2.4 *Verdere voorwaardes*

By die hersonering van grond tot landbousone II kan die raad enige spesiale voorwaardes ten opsigte van toegelate gebruike, parkeer- en laaivereistes, toegang, omheining en estetiese behandeling voorskryf sodat die onderneming die mins moontlike invloed op die omgewing sal hê.

3.2.5 Die bepalings vervat in 'n tersaaklike gidsplan wat ingevolge artikel 6A van die Wet of Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), geld, is *mutatis mutandis* van toepassing as verdere grondgebruikbeperkings in hierdie sone.

3.2.6 Geen plaaswinkel of toeristefasiliteite mag in hierdie sone binne 5 km van die grens van Bophuthatswana, Transkei of Ciskei goedgekeur word sonder die toestemming van die regering van sodanige staat nie.

3.3 RESIDENSIËLE SONE I

3.3.1 *Kleurnotasie:* geel.

*Primêre gebruik:* woonhuis.

*Vergunningsgebruik:* addisionele wooneenheid.

3.3.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Dekking:* hoogstens 50 %.

*Hoogte:* hoogstens twee verdiepings.

*Straatboulyn:* minstens 4 m, onderworpe aan regulasie 3.3.3.

*Kantboulyn:* minstens 2 m, onderworpe aan regulasie 3.3.3.

*Parkering:* minstens een parkeerplek per grondeenheid, op die grondeenheid.

3.3.3 Ongeag regulasie 3.3.2—

(a) is die straatboulyn minstens 3 m waar die gemiddelde diepte van 'n grondeenheid (gemeet reghoekig op enige straatgrens van sodanige grondeenheid) nie 20 m oorskry nie;

(b) kan 'n dakoorhang die voorgeskrewe straat- of kantboulyn met hoogstens 1 m oorskry, en

(c) kan die raad die oprigting van 'n buitegebou of addisionele wooneenheid wat 'n kantboulyn oorskry, goedkeur, onderworpe daaraan—

(i) dat aan die straatboulyn voldoen word;

(ii) dat sodanige gebou nie 'n hoogte van een verdieping mag oorskry nie;

(iii) dat geen deure of vensters in enige muur van sodanige gebou wat op die betrokke kantgrens front, toegelaat mag word nie, en

(iv) dat 'n ander toegangsweg as deur 'n gebou, minstens 1 m breed, van 'n straat na elke ander onbeboude gedeelte van die betrokke grondeenheid 'n binnehof voorsien word.

3.3.4 *Addisionele wooneenheid*

Ondanks regulasie 3.3.2 geld die volgende grondgebruikbeperkings ten opsigte van 'n addisionele wooneenheid bo en behalwe die ander grondgebruikbeperkings wat geld en geniet dit voorrang indien laasgenoemde grondgebruikbeperkings strydig daarmee is:

*Dekking:* tesame met alle ander geboue, hoogstens 66 %.

*Totale vloerruimte:* hoogstens 120 m².

*Parkering:* een addisionele parkeerplek op die grondeenheid.

*Hoogte:* hoogstens een verdieping.

bays shall be provided for every 500 m² or part thereof of the area used for the industry.

3.2.4 *Additional conditions*

With the rezoning of land to agricultural zone II, the Council may prescribe any special conditions in respect of permissible uses, parking and loading requirements, access, fencing and aesthetic treatment so that the concern will have the minimum impact on the environment.

3.2.5 The provisions contained in a relevant guide plan that is in force in terms of section 6A of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), shall *mutatis mutandis* apply as additional land use restrictions in this zone.

3.2.6 No farmstore or tourist facilities shall be approved in this zone within 5 km of the border of Bophuthatswana, Transkei or Ciskei without the consent of the government of such state.

3.3 RESIDENTIAL ZONE I

3.3.1 *Colour notation:* yellow.

*Primary use:* dwelling-house.

*Consent use:* additional dwelling unit.

3.3.2 *Land use restrictions*

*Coverage:* at most 50 %.

*Height:* at most two storeys.

*Street building line:* at least 4 m, subject to regulation 3.3.3.

*Side building line:* at least 2 m, subject to regulation 3.3.3.

*Parking:* at least one parking bay per land unit, on the land unit.

3.3.3 Notwithstanding regulation 3.3.2—

(a) the street building line shall be at least 3 m where the average depth of a land unit (measured at right angles to any street boundary of such land unit) does not exceed 20 m;

(b) an eaves projection may exceed the prescribed street or side building line by at most 1 m, and

(c) the council may approve the erection of an outbuilding or additional dwelling unit which exceeds a side building line, subject to—

(i) compliance with the street building line;

(ii) such building not exceeding a height of one storey;

(iii) no doors or windows being permitted in any wall of such building which fronts onto the side boundary concerned, and

(iv) the provision of an access way, other than through a building and at least 1 m wide, from a street to every vacant portion of the land unit concerned, other than a court-yard.

3.3.4 *Additional dwelling unit*

Notwithstanding regulation 3.3.2, the following land use restrictions shall be applicable with regard to an additional dwelling unit over and above the other land use restrictions which apply, and shall prevail if the last-mentioned land use restrictions are in conflict therewith:

*Coverage:* together with all other buildings, at most 66 %.

*Total floor space:* at most 120 m².

*Parking:* one additional parking bay on the land unit.

*Height:* at most one storey.

3.4 RESIDENSIËLE SONE II

3.4.1 *Kleurnotasie:* geel met swart arsering.

*Primêre gebruik:* groepshuis.

*Vergunningsgebruike:* woonhuis, aftreeoord.

3.4.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Digtheid:* soos voorgeskryf deur die raad, tot 'n maksimum van twintig eenhede per bruto hektaar of 'n 3:1-verhouding ten opsigte van die bruto digtheid van omringende wooneenhede, watter ook al die kleinste getal eenhede toelaat.

*Gemeenskaplike oopruimte:* minstens 80 m² per wooneenheid.

*Privaatbuiteruimte:* minstens 40 % van die brutovloerruimte van die betrokke eenheid, in 'n vorm wat nie 'n verhouding van 2:1 (lengte tot breedte) oorskry nie.

*Gekombineerde oopruimte:* waar daar geen onderskeid tussen gemeenskaplike oopruimte en privaatbuiteruimte is nie, word die vereistes hierbo ten opsigte van gemeenskaplike oopruimte en privaatbuiteruimte vervang deur 'n vereiste ten opsigte van gekombineerde oopruimte van minstens 130 m² per wooneenheid.

*Hoogte:* hoogstens twee verdiepings.

*Straatboulyn:* nul, onderworpe aan regulasie 3.4.4(b)

*Kantboulyn:* nul, onderworpe aan regulasie 3.4.4(c).

*Parkering:* minstens twee parkeerplekke per groepshuis; albei kan by sodanige groepshuis voorsien word, of 'n deel van die vereiste getal parkeerplekke by sommige van die groephuise en die res in die vorm van gemeenskaplike parkering vir die betrokke groepbehuisingskema, of die volle vereiste in die vorm van gemeenskaplike parkering.

*Straatbreedte:* gewoonlik minstens 10 m, of 8 m in 'n doodloopstraat of lusstraat met 'n beperkte lengte wat net enkele groephuise bedien.

3.4.3 Die doelstelling wat weergegee word in die omskrywing van "groepsbehuising" moet noukeurig nagevolg en toegepas word.

3.4.4 *Verdere bepalings*

(a) Benewens die privaatbuiteruimte of die gekombineerde oopruimte, na gelang van die geval, moet 'n dienswerf met 'n toereikende oppervlakte en afgeskerm deur 'n muur sodat dit uit sig is van enigiemand anders as die bewoner(s) van die betrokke wooneenheid tot genoeë van die raad voorsien word.

(b) Ondanks die nul-straatboulyn kan 'n straatboulyn van 2 m vereis word vir veilige verkeersbeweging of om ander redes soos ontwikkeling in die omgewing, en moet 'n inrit 'n toereikende oppervlakte hê sodat 'n groot motor gerieflik daarop kan parkeer.

(c) Ondanks die nul-kantboulyn kan toereikende kantboulyne vereis word vir brandbestrydingsdoeleindes, en geld 'n kantboulyn van 3 m waar 'n residensiële sone II aan 'n ander sone grens.

(d) Garages en motorafdakke word uitgesluit by die berekening van die vloerruimte met die doel om die oppervlakte van die privaat buiteruimte te bereken.

(e) Geen groepbehuisingsperseel mag 'n groter oppervlakte as 2 ha beslaan nie, en twee groepbehuisingspersele mag nie aan mekaar grens nie.

3.5 RESIDENSIËLE SONE III

3.5.1 *Kleurnotasie:* geel met swart kruislynarsering.
*Primêre gebruik:* dorpshuis.
*Vergunningsgebruike:* woonhuis, groepshuis, aftreeoord.

3.4 RESIDENTIAL ZONE II

3.4.1 *Colour notation:* yellow with black hatching.

*Primary use:* group house.

*Consent uses:* dwelling-house, retirement village.

3.4.2 *Land use restrictions*

*Density:* as laid down by the council up to a maximum of twenty units per gross hectare or a 3:1 ratio with regard to the gross density of surrounding dwelling units, whichever permits the smaller number of units.

*Communal open space:* at least 80 m² per dwelling unit.

*Private outdoor space:* at least 40 % of the gross floor space of the unit concerned, in a form which shall not exceed a ratio of 2:1 (length to width).

*Combined open space:* where there is no distinction between communal open space and private outdoor space, the above communal open space and private outdoor space requirements shall be replaced by a combined open space requirement of at least 130 m² per dwelling unit.

*Height:* at most two storeys.

*Street building line:* zero, subject to regulation 3.4.4(b).

*Side building line:* zero, subject to regulation 3.4.4(c).

*Parking:* at least two parking bays per group house; both may be provided at such group house, or part of the required number of parking bays at some of the group houses and the remainder in the form of communal parking for the group housing scheme concerned, or the entire requirement in the form of communal parking.

*Street width:* normally at least 10 m, or 8 m in a cul-de-sac or loop road of limited length which serves only a few group houses.

3.4.3 The objectives reflected in the definition of "group housing" shall be closely followed and implemented.

3.4.4 *Additional provisions*

(a) In addition to the private outdoor space or the combined open space, as the case may be, a service yard of an adequate area and screened by a wall from the view of anyone else than the occupant(s) of the dwelling unit concerned, shall be provided to the satisfaction of the council.

(b) Despite the zero street building line, a street building line of 2 m may be required to ensure safe traffic circulation or for other reasons such as development in the area, and a driveway shall have an adequate area to allow comfortably for the parking of a large motor car thereon.

(c) Despite the zero side building line, adequate side building lines may be required for fire-fighting purposes, and a 3 m side building line shall apply where a residential zone II abuts on another zone.

(d) Garages and carports shall be excluded in the calculation of floor space for the purpose of determining the area of the private outdoor space.

(e) No group housing site may have an area greater than 2 ha, and no group housing site shall abut on another group housing site.

3.5 RESIDENTIAL ZONE III

3.5.1 *Colour notation:* yellow with black cross-line hatching.
*Primary use:* town house.
*Consent uses:* dwelling-house, group house, retirement village.

3.5.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Digtheid:* soos voorgeskryf deur die raad, tot 'n maksimum van 50 eenhede per bruto hektaar.

*Dekking:* hoogstens 50 %.

*Hoogte:* hoogstens twee verdiepings.

*Straatboulyn:* nul, onderworpe aan regulasie 3.5.3(a).

*Kantboulyn:* nul, onderworpe aan regulasie 3.5.3(b).

*Parkering:* minstens twee parkeerplekke per dorpshuis; albei kan by sodanige dorpshuis voorsien word, of 'n deel van die vereiste getal parkeerplekke by sommige van die dorpshuise en die res in die vorm van gemeenskaplike parkering vir die betrokke dorpbehuisingskema, of die volle vereiste in die vorm van gemeenskaplike parkering.

3.5.3 *Verdere boulynvereistes*

(a) Ondanks die nul-straatboulyn kan 'n straatboulyn van 2 m vereis word vir veilige verkeersbeweging of om ander redes soos ontwikkeling in die omgewing, en moet 'n inrit 'n toereikende oppervlakte hê sodat 'n groot motor gerieflik daarop kan parkeer.

(b) Ondanks die nul-kantboulyn kan toereikende kantboulyne vereis word vir brandbestrydingsdoeleindes, en geld 'n kantboulyn van 3 m waar 'n residensiële sone III aan 'n ander sone grens.

3.6 RESIDENSIËLE SONE IV

3.6.1 *Kleurnotasie:* oranje.
*Primêre gebruik:* woonstelle.
*Vergunningsgebruike:* woonhuis, groepshuis, dorpshuis, openbare behuising, professionele gebruik.

3.6.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Vloerfaktor:* hoogstens 1.0.

*Dekking:* hoogstens 40 %.

*Terugset:* minstens 6,5 m.

*Hoogte:* hoogstens vier verdiepings.

*Straatboulyn:* minstens 8 m.

*Kantboulyn:* minstens 4 m of die helfte van die hoogte van die gebou, wat ook al die grootste is, onderworpe aan regulasie 3.6.3(a).

*Parkering:* minstens 1,25 parkeerplekke per woonstel; 25 % van die vereiste getal parkeerpkekke, of meer as die vereiste getal, indien vereis deur die raad, wat nie oordek is nie, moet op die perseel voorsien word en duidelik afgebaken en paslik deur middel van 'n kennisgewingbord tot genoeë van die raad aangedui word vir die uitsluitlike gebruik van besoekers.

3.6.3 ongeag regulasie 3.6.2—

(a) kan die raad die oprigting van 'n buitegebou wat 'n kantboulyn oorskry, goedkeur, onderworpe daaraan—

(i) dat aan die straatboulyn voldoen word;

(ii) dat sodanige buitegebou nie 'n hoogte van een verdieping mag oorskry nie;

(iii) dat geen deure of vensters in enige muur van sodanige buitegebou wat op die betrokke kantgrens front, toegelaat mag word nie, en

(iv) dat 'n ander toegangsweg as deur 'n gebou, minstens 1 m breed, van 'n straat na elke ander onbeboude gedeelte van die betrokke grondeenheid as 'n binnehof, voorsien word, en

(b) geld die volgende addisionele parkeervereiste ten opsigte van professionele gebruik in hierdie sone: drie parkeerplekke per

3.5.2 *Land use restrictions*

*Density:* as laid down by the Council up to a maximum of 50 units per gross hectare.

*Coverage:* at most 50 %.

*Height:* at most two storeys.

*Street building line:* zero, subject to regulation 3.5.3(a).

*Side building line:* zero, subject to regulation 3.5.3(b).

*Parking:* at least two parking bays per town house; both may be provided at such town house, or part of the required number of parking bays at some of the town houses and the remainder in the form of communal parking for the town housing scheme concerned, or the entire requirement in the form of communal parking.

3.5.3 *Additional building line requirements*

(a) Despite the zero street building line, a street building line of 2 m may be required to ensure safe traffic circulation or for other reasons such as development in the area, and a driveway shall have an adequate area to allow comfortably for the parking of a large motor car thereon.

(b) Despite the zero building line, adequate side building lines may be required for fire-fighting purposes, and a 3 m side building line shall apply where a residential zone III abuts on another zone.

3.6 RESIDENTIAL ZONE IV

3.6.1 *Colour notation:* orange.
*Primary use:* flats.
*Consent uses:* dwelling-house, group house, town house, public housing, professional usage.

3.6.2 *Land use restrictions*

*Floor factor:* at most 1.0.

*Coverage:* at most 40 %.

*Setback:* at least 6,5 m.

*Height:* at most four storeys.

*Street building line:* at least 8 m.

*Side building line:* at least 4 m or half the height of the building, whichever is the greater, subject to regulation 3.6.3(a).

*Parking:* at least 1,25 parking bays per flat; 25 %, or more, if so required by the Council, of the required number of parking bays shall be provided uncovered on the site and shall be clearly demarcated and properly indicated by means of a notice board to the satisfaction of the Council for the exclusive use of visitors.

3.6.3 Notwithstanding regulation 3.6.2—

(a) the council may approve the erection of an outbuilding which exceeds a side building line, subject to—

(i) compliance with the street building line;

(ii) such outbuilding not exceeding a height of one storey;

(iii) no doors or windows being permitted in any wall of such outbuilding which fronts onto the side boundary concerned, and

(iv) the provision of an access way, other than through a building and at least 1 m wide, from a street to every vacant portion of the land unit concerned, other than a courtyard, and

(b) the following additional parking requirement shall be applicable with regard to professional usage in this zone: three parking

beroepspersoon, waarvan minstens twee parkeerplekke per beroepspersoon gereserveer moet word vir pasiënte of kliënte. Hierdie parkeerplekke moet duidelik aangedui en geteer of geplavei word tot genoeë van die raad.

3.7 RESIDENSIËLE SONE V

3.7.1 *Kleurnotasie:* oranje met swart arsering.

*Primêre gebruik:* woongebou.

*Vergunningsgebruike:* groepshuis, dorpshuis, woonstelle, openbare behuising, professionele gebruik, vergaderplek.

3.7.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Vloerfaktor:* hoogstens 1,0.

*Dekking:* hoogstens 40 %.

*Hoogte:* hoogstens vier verdiepings.

*Terugset:* minstens 6,5 m.

*Straatboulyn:* minstens 8 m.

*Kantboulyn:* minstens 4 m of die helfte van die hoogte van die gebou, wat ook al die grootste is, onderworpe aan regulasie 3.7.3(a).

*Parkering:* minstens 0,7 parkeerplek per slaapkamer, onderworpe aan regulasie 3.7.3(b).

3.7.3 Ongeag regulasie 3.7.2—

(a) kan die raad die oprigting van 'n buitegebou wat 'n kantboulyn oorskry, goedkeur, onderworpe daaraan—

(i) dat aan die straatboulyn voldoen word;

(ii) dat sodanige buitegebou nie 'n hoogte van een verdieping mag oorskry nie;

(iii) dat geen deure of vensters in enige muur van sodanige buitegebou wat op die betrokke kantgrens front, toegelaat mag word nie, en

(iv) dat 'n ander toegangsweg as deur 'n gebou, minstens 1 m breed, van 'n straat na elke ander onbeboude gedeelte van die betrokke grondeenheid as 'n binnehof, voorsien word;

(b) geld die volgende vloerfaktor-, dekkings- en parkeervereistes ten opsigte van gelisensieerde hotelle:

*Vloerfaktor:* hoogstens 2,0.

*Dekking:* hoogstens 80 %.

*Parkering:* minstens 0,7 parkeerplek per slaapkamer plus 'n verdere twintig parkeerplekke wat nie oordek is nie, moet op die perseel voorsien word en duidelik afgebaken en paslik deur middel van 'n kennisgewingbord tot genoeë van die raad aangedui word vir gebruik deur besoekers wa nie betalende gaste is nie, en

(c) geld die volgende addisionele parkeervereiste ten opsigte van professionele gebruik in hierdie sone: drie parkeerplekke per beroepspersoon, waarvan minstens twee parkeerplekke per beroepspersoon gereserveer moet word vir pasiënte of kliënte. Hierdie parkeerplekke moet duidelik aangedui en geteer of geplavei word tot genoeë van die raad.

3.8 SAKESONE I

3.8.1 *Kleurnotasie:* blou.

*Primêre gebruik:* sakegebou.

*Vergunningsgebruike:* dorpshuis, woonstelle, woongebou, vergaderplek, vermaaklikheidsplek, onderrigplek, inrigting, drankwinkel, supermark, diensbedryf.

bays per professional person, of which at least two parking bays per professional person shall be reserved for patients or clients. These parking bays shall be clearly indicated and tarred or paved to the satisfaction of the council.

3.7 RESIDENTIAL ZONE V

3.7.1 *Colour notation:* orange with black hatching.

*Primary use:* residential building.

*Consent uses:* group house, town house, flats, public housing, professional usage, place of assembly.

3.7.2 *Land use restrictions*

*Floor factor:* at most 1.0.

*Coverage:* at most 40 %.

*Height:* at most four storeys.

*Setback:* at least 6.5 m.

*Street building line:* at least 8 m.

*Side building line:* at least 4 m or half the height of the building, whichever is the greater, subject to regulation 3.7.3(a).

*Parking:* at least 0,7 parking bay per bedroom, subject to regulation 3.7.3(b).

3.7.3 Notwithstanding regulation 3.7.2—

(a) the council may approve the erection of an outbuilding which exceeds a side building line, subject to—

(i) compliance with the street building line;

(ii) such outbuilding not exceeding a height of one storey;

(iii) no doors or windows being permitted in any wall of such outbuilding which fronts onto the side boundary concerned, and

(iv) the provision of an access way, other than through a building and at least 1 m wide, from a street to every vacant portion of the land unit concerned, other than a court-yard;

(b) the following floor factor, coverage and parking requirements shall be applicable to licensed hotels:

*Floor factor:* at most 2,0.

*Coverage:* at most 80 %.

*Parking:* at least 0,7 parking bays per bedroom plus an additional twenty parking bays which shall be provided uncovered on the site and shall be clearly demarcated and properly indicated by means of a notice board to the satisfaction of the council for use by visitors who are non-paying guests, and

(c) the following additional parking requirement shall be applicable with regard to professional usage in this zone: three parking bays per professional person, of which at least two parking bays per professional person shall be reserved for patients or clients. These parking bays shall be clearly indicated and tarred or paved to the satisfaction of the council.

3.8 BUSINESS ZONE I

3.8.1 *Colour notation:* blue.

*Primary use:* business premises.

*Consent uses:* town house, flats, residential building, place of assembly, place of entertainment, place of instruction, institution, bottle-store, supermarket, service trade.

3.8.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Vloerfaktor:* hoogstens 3,0.

*Dekking:* 100%.

*Terugset:* minstens 6,5 m.

*Straatboulyn:* nul.

*Kantboulyn:* nul; met dien verstande dat die raad kantboulyne kan voorskryf in belang van die openbare gesondheid of ten einde enige wet of reg af te dwing.

*Parkering:* minstens een parkeerplek per 25 m² van die totale vloerruimte.

3.8.3 *Verdere bepalings*

(a) *Alternatiewe parkeervereistes*

(i) As 'n alternatief vir die parkeervereiste in regulasie 3.8.2 vermeld, kan die eienaar met die toestemming van die raad, as die raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik is om die vereiste parkeerruimte op die terrein te verskaf, grond met die voorgeskrewe oppervlakte vir die betrokke parkeergeriewe elders aanskaf op 'n plek wat die raad goedkeur; met dien verstande dat hy 'n notariële akte teen sodanige grond laat registreer ten effekte dat die raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes, en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak, van 'n oppervlak te voorsien en in stand te hou tot genoeë van die raad; die registrasiekoste van die serwituut word deur die eienaar bestry.

(ii) As 'n alternatief vir regulasie 3.8.3(a)(i) kan die eienaar met die toestemming van die raad 'n kontantbedrag aan die raad betaal wat gelyk is aan die beraamde markwaarde per m² van die grond waarop die gebou opgerig is, vermenigvuldig met die oppervlakte in m² van die grond wat ingevolge regulasie 3.8.2 verskaf moet word, en in so 'n geval is die raad self verantwoordelik daarvoor om die nodige grond vir sodanige parkeerdoeleindes aan te skaf wanneer en waar dit vir hom geleë is.

(b) *Verdere parkeer- en terreintoegangvereistes*

(i) Die voertuigtoegangs- en -uitgangsrybane moet beperk word tot hoogstens een elk per perseel per straat wat aan die perseel grens.

(ii) Die voertuigtoegangs- en -uitgangsrybane moet beperk word tot 'n maksimumbreedte van altesame 6 m waar hulle die straatgrens kruis.

(iii) Indien die hoek by 'n straatkruising nie uitgeskuins is nie, mag voertuigtoegangs- of -uitgangsrybane nie nader as 10 m van sodanige hoek wees nie.

(iv) Indien die hoek by 'n straatkruising uitgeskuins is, mag voertuigtoegangs- of -uitgangsrybane nie nader as 10 m van sodanige hoek wees nie of 5 m gemeet van die punt waar die uitskuinslyn die padgrens bereik, watter ook al die langste afstand van die hoek is.

(v) Sodanige parkeergebiede moet tot genoeë van die raad behoorlik gebou word.

(vi) Sodanige parkeergebiede moet gebruik word uitsluitlik vir die parkeer van voertuie wat wettig daarop kom en mag nie vir handelsdoeleindes of enige ander doel gebruik word nie.

(vii) Die wyse waarop dit beoog word dat voertuie in sodanige parkeergebiede moet parkeer en die wyse van toegang en uitgang moet aangetoon word op 'n plan wat aan die raad voorgelê moet word. Die raad kan bedoelde plan goedkeur of afkeur of enige voorwaardes oplê wat hy goed dink.

(viii) Die raad kan meer beperkende vereistes stel as dié in regulasie 3.8.3(b)(i) tot (vii) indien dit uit enige verkeersoogpunt nodig geag word.

| Every additional 10 000 m² or portion thereof | 1 additional bay |

Such loading bays shall have vehicular access to a street (which shall be to the satisfaction of the council and be not less than 5 m wide and, if carried through a building, not less than 3 m in height).

3.13.4 *Fencing*

The council may require any land used in connection with a scrapyard, builder's yard or transport business to be completely or partly fenced to its satisfaction.

3.13.5 *Public garages*

Notwithstanding regulation 4.8, the land use restrictions which are applicable to public garages in business zone V shall be applicable to public garages in this zone.

3.14 INDUSTRIAL ZONE II

3.14.1 *Colour notation:* red-purple with black hatching.

*Primary use:* noxious trade.

*Consent uses:* industry, warehouses, public garage, scrapyard.

3.14.2 *Land use restrictions*

*Floor factor:* at most 1,5.

*Coverage:* at most 75 %.

*Terugset:* minstens 8 m.

*Straatboulyn:* nul.

*Kantboulyn:* nul; met dien verstande dat die raad kantboulyne kan voorskryf in belang van die openbare gesondheid of ten einde enige wet of reg af te dwing.

*Parkering:* minstens een parkeerplek per 200 m² vloerruimte.

3.14.3 *Op- en aflaai*

Vir die doel van die laai en aflaai van voertuie moet daar soos volg op die terrein 'n ruimte of ruimtes tot genoeë van die raad voorsien word:

| *Totale vloerruimte van gebou (tot naaste m²)* | *Veriestes op- en aflaai-gebied* |
|---|---|
| 0 – 2 500 m² | 1 laaiplek |
| 2 501 – 5 000 m² | 2 laaiplekke |
| 5 000 – 10 000 m² | 3 laaiplekke |
| Elke addisionele 10 000 m² of gedeelte daarvan | 1 addisionele laaiplek |

Sodanige laaiplekke moet voertuigtoegang tot 'n straat hê (wat tot genoeë van die raad moet wees en nie minder moet wees as 5 m breed en, indien dit deur 'n gebou gaan, minder as 3 m hoog nie).

3.14.4 *Omheining*

Enige grond wat gebruik word in verband met 'n wrakwerf, bouerswerf of vervoeronderneming, moet geheel en al omring word met 'n muur of heining wat deur die raad goedgekeur is en tot 'n hoogte wat deur die raad voorgeskryf word.

3.14.5 *Openbare garages*

Ondanks regulasie 4.8 geld die grondgebruikbeperkings wat in sakesone V op openbare garages van toepassing is, ten opsigte van openbare garages in hierdie sone.

3.15 NYWERHEIDSONE III

3.15..1 *Kleurnotasie:* rooipers met swart kruislynarsering.

*Primêre gebruik:* mynbou.

*Vergunningsgebruike:* geen.

3.15.2 Hierdie sone is onderworpe aan alle relevante statutêre beperkings wat ten opsigte van die ontginning van grondstowwe geld.

3.16 INSTITUSIONELE SONE I

3.16.1 *Kleurnotasie:* grys.

*Primêre gebruik:* onderrigplek.

*Vergunningsgebruike:* vergaderplek.

3.16.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Dekking:* hoogstens 50%.

*Straatboulyn:* minstens 10 m.

*Kantboulyn:* minstens 10 m.

*Parkering:* soos vereis deur die raad.

3.17 INSTITUSIONELE SONE II

3.17.1 *Kleurnotasie:* grys met swart arsering.

*Primêre gebruik:* bedehuis.

*Vergunningsgebruike:* pastorie, vergaderplek.

*Setback:* at least 8 m.

*Street building line:* zero.

*Side building line:* zero; provided that the Council may lay down side building lines in the interest of public health or in order to enforce any law or right.

*Parking:* at least one parking bay per 200 m² of floor space.

3.14.3 *Loading and unloading*

For the purpose of loading and unloading vehicles, the following space or spaces shall be provided on site to the satisfaction of the council:

| *Total floor space of building (to the nearest m²)* | *Required loading and unloading area* |
|---|---|
| 0 – 2 500 m² | 1 bay |
| 2 501 – 5 000 m² | 2 bays |
| 5 000 – 10 000 m² | 3 bays |
| Every additional 10 000 m² or portion thereof | 1 additional bay |

Such loading bays shall have vehicular access to a street (which shall be to the satisfaction of the council and be not less than 5 m wide and, if carried through a building, not less than 3 m in height).

3.14.4 *Fencing*

Any land used in connection with a scrapyard, builder's yard or transport business shall be enclosed completely with a wall or fence approved by the council and to a height prescribed by the council.

3.14.5 *Public garages*

Notwithstanding regulation 4.8, the land use restrictions which are applicable to public garages in business zone V shall be applicable to public garages in this zone.

3.15 INDUSTRIAL ZONE III

3.15.1 *Colour notation:* red-purple with black cross-line hatching.

*Primary use:* mining.

*Consent uses:* none.

3.15.2 This zone shall be subject to all relevant statutory restrictions which apply to the exploitation of raw materials.

3.16 INSTITUTIONAL ZONE I

3.16.1 *Colour notation:* grey.

*Primary use:* place of instruction.

*Consent uses:* place of assembly.

3.16.2 *Land use restrictions*

*Coverage:* at most 50%.

*Street building line:* at least 10 m.

*Side building line:* at least 10 m.

*Parking:* as required by the council.

3.17 INSTITUTIONAL ZONE II

3.17.1 *Colour notation:* grey with black hatching.

*Primary use:* house of worship.

*Consent uses:* parsonage, place of assembly.

3.17.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Dekking:* hoogstens 50%.

*Straatboulyn:* minstens 10 m.

*Kantboulyn:* minstens 10 m.

*Parkering:* minstens een parkeerplek per agt sitplekke.

3.17.3 Ondanks regulasie 3.17.2 geld die volgende grondgebruikbeperkings ten opsigte van 'n pastorie:

(a) *Dekking:* hoogstens 50%.

(b) *Hoogte:* hoogstens twee verdiepings.

(c) *Straatboulyn:* minstens 4 m, onderworpe aan regulasie 3.3.3.

(d) *Kantboulyn:* minstens 2 m, onderworpe aan regulasie 3.3.3.

(e) *Parkering:* minstens een parkeerplek per grondeenheid, op die grondeenheid.

3.18 INSTITUSIONELE SONE III

3.18.1 *Kleurnotasie:* grys met swart kruislynarsering.

*Primêre gebruik:* inrigting.

*Vergunningsgebruike:* vergaderplek.

3.18.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Dekking:* hoogstens 50%.

*Straatboulyn:* minstens 10 m.

*Kantboulyn:* minstens 10 m.

*Parkering:* soos vereis deur die raad.

3.19 OORDSONE I

3.19.1 *Kleurnotasie:* pienk.

*Primêre gebruik:* vakansie-akkommodasie.

*Vergunningsgebruike:* oordwinkel, toeristefasiliteite.

3.19.2 *Grondgebruikbeperkings*

(a) In die geval van grond wat met ingang van die datum van inwerkingtreding van die Ordonnansie geag word gesoneer te wees as 'n oordsone I, geld die parameters van die bestaande wettige ontwikkeling as grondgebruikbeperkings.

(b) By die hersonering van grond tot oordsone I moet voorwaardes met betrekking tot digtheid, uitleg, landskapering, gebou-ontwerp, ensovoorts voorgeskryf word, en 'n uitlegplan, waarop die ligging van alle strukture, staanplekke en binnepaaie duidelik aangetoon is, moet goedgekeur word deur en gebêre word by die plaaslike owerheid.

3.20 OORDSONE II

3.20.1 *Kleurnotasie:* pienk met swart arsering.

*Primêre gebruik:* vakansiehuisvesting.

*Vergunningsgebruike:* motel, gelisensieerde hotel, toeristefasiliteite, oordwinkel.

3.20.2 *Grondgebruikbeperkings*

(a) In die geval van grond wat met ingang van die datum van inwerkingtreding van die Ordonnansie geag word gesoneer te wees as 'n oordsone II, geld die parameters van die bestaande wettige ontwikkeling as grondgebruikbeperkings.

3.17.2 *Land use restrictions*

*Coverage:* at most 50%.

*Street building line:* at least 10 m.

*Side building line:* at least 10 m.

*Parking:* at least one parking bay per eight seats.

3.17.3 Notwithstanding regulation 3.17.2, the following land use restrictions shall apply to a parsonage:

(a) *Coverage:* at most 50%.

(b) *Height:* at most two storeys.

(c) *Street building line:* at least 4 m, subject to regulation 3.3.3.

(d) *Side building line:* at least 2 m, subject to regulation 3.3.3.

(e) *Parking:* at least one parking bay per land unit, on the land unit.

3.18 INSTITUTIONAL ZONE III

3.18.1 *Colour notation:* grey with black cross-line hatching.

*Primary use:* institution.

*Consent uses:* place of assembly.

3.18.2 *Land use restrictions*

*Coverage:* at most 50%.

*Street building line:* at least 10 m.

*Side building line:* at least 10 m.

*Parking:* as required by the council.

3.19 RESORT ZONE I

3.19.1 *Colour notation:* pink.

*Primary use:* holiday accommodation.

*Consent uses:* resort shop, tourist facilities.

3.19.2 *Land use restrictions*

(a) The parameters of the existing lawful development shall apply as land use restrictions with regard to land which is deemed to be zoned as a resort zone I with effect from the date of commencement of the Ordinance.

(b) With the rezoning of land to resort zone I, conditions shall be laid down with regard to density, layout, landscaping, building design, etcetera, and a layout plan shall be approved by and filed with the local authority, clearly indicating the position of all structures, stands and internal roads.

3.20 RESORT ZONE II

3.20.1 *Colour notation:* pink with black hactching.

*Primary use:* holiday housing.

*Consent uses:* motel, licensed hotel, tourist facilities, resort shop.

3.20.2 *Land use restrictions*

(a) The parameters of the existing lawful development shall apply as land use restrictions with regard to land which is deemed to be zoned as a resort zone II with effect from the date of commencement of the Ordinance.

(b) By die hersonering van grond tot oordsone II moet voorwaardes met betrekking tot digtheid, uitleg, landskapering en gebou-ontwerp voorgeskryf word, en 'n uitlegplan, waarop die ligging van alle strukture, staanplekke en binnepaaie duidelik aangetoon is, moet goedgekeur word deur en gebêre word by die plaaslike owerheid.

3.21 OOPRUIMTESONE I

3.21.1 *Kleurnotasie:* donkergroen.

*Primêre gebruik:* openbare oopruimte.

*Vergunningsgebruike:* geen.

3.21.2 Geen struktuur mag opgerig word of gebruik beoefen word nie behalwe dié wat bestaanbaar is met "openbare oopruimte", soos omskryf.

3.21.3 Die bepalings vervat in 'n tersaaklike gidsplan wat ingevolge artikel 6A van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), geld, is *mutatis mutandis* van toepassing as verdere grondgebruikbeperkings in hierdie sone.

3.22 OOPRUIMTESONE II

3.22.1 *Kleurnotasie:* donkergroen met swart arsering.

*Primêre gebruik:* privaat oopruimte.

*Vergunningsgebruike:* geen.

3.22.2 Geen struktuur mag opgerig word of gebruik beoefen word nie behalwe dié wat bestaanbaar is met "privaat oopruimte", soos omskryf.

3.22.3 Die bepalings vervat in 'n tersaaklike gidsplan wat ingevolge artikel 6A van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), geld, is *mutatis mutandis* van toepassing as verdere grondgebruikbeperkings in hierdie sone.

3.23. OOPRUIMTESONE III

3.23.1 *Kleurnotasie:* donkergroen omlyning.

*Primêre gebruik:* natuurreservaat.

*Vergunningsgebruike:* geen.

3.23.2 Die betrokke owerhede moet in elke geval, na gelang van die unieke omstandighede, grondgebruikbeperkings en verdere bepalings voorskryf.

3.23.3 Die bepalings vervat in 'n tersaaklike gidsplan wat ingevolge artikel 6A van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), geld, is *mutatis mutandis* van toepassing as verdere grondgebruikbeperkings in hierdie sone.

3.24 VERVOERSONE I

3.24.1 *Kleurnotasie:* donkerbruin.

*Primêre gebruik:* vervoergebruik.

*Vergunningsgebruike:* geen.

3.24.2 *Grondgebruikbeperkings*

*Vloerfaktor:* hoogstens 1,0.

*Dekking:* hoogstens 80 %.

*Hoogte:* hoogstens twee verdiepings.

*Straatboulyn:* nul.

*Kantboulyn:* nul, behalwe in gevalle waar 'n vervoersone I aan 'n ander sone grens, in welke geval laasgenoemde sone se kantboulyn ook in die vervoersone I geld.

*Parkering:* soos vereis deur die raad.

(b) With the rezoning of land to resort zone II, conditions shall be laid down with regard to density, layout, landscaping and building design, and a layout plan shall be approved by and filed with the local authority, clearly indicating the position of all structures, stands and internal roads.

3.21 OPEN SPACE ZONE I

3.21.1 *Colour notation:* dark green.

*Primary use:* public open space.

*Consent uses:* none.

3.21.2 No structure shall be erected or use practised except such as is compatible with "public open space", as defined.

3.21.3 The provisions contained in a relevant guide plan that is in force in terms of section 6A of the Physical Planning Act, 1976 (Act 88 of 1967), shall *mutatis mutandis* apply as additional land use restrictions in this zone.

3.22 OPEN SPACE ZONE II

3.22.1 *Colour notation:* dark green with black hatching.

*Primary use:* private open space.

*Consent uses:* none.

3.22.2 No structure shall be erected or use practised except such as is compatible with "private open space", as defined.

3.22.3 The provisions contained in a relevant guide plan that is in force in terms of section 6A of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), shall *mutatis mutandis* apply as additional land use restrictions in this zone.

3.23 OPEN SPACE ZONE III

3.23.1 *Colour notation:* dark green outline.

*Primary use:* nature reserve.

*Consent uses:* none.

3.23.2 The relevant authorities shall in each case, depending on unique circumstances, stipulate land use restrictions and additional provisions.

3.23.3 The provisions contained in a relevant guide plan that is in force in terms of section 6A of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), shall *mutatis mutandis* apply as additional land use restrictions in this zone.

3.24 TRANSPORT ZONE I

3.24.1 *Colour notation:* dark brown.

*Primary use:* transport usage.

*Consent uses:* none.

3.24.2 *Land use restrictions*

*Floor factor:* at most 1,0.

*Coverage:* at most 80 %.

*Height:* at most two storeys.

*Street building line:* zero.

*Side building line:* zero, except where a transport zone I abuts on another zone, in which case the side building line of the latter zone shall also apply to the transport zone I.

*Parking:* as required by the council.

3.25 VERVOERSONE II

3.25.1 *Kleurnotasie:* ligbruin.
*Primêre gebruik:* openbare pad.
*Vergunningsgebruike:* geen.

3.25.2 Geen struktuur mag opgerig word of gebruik beoefen word nie behalwe dié wat bestaanbaar is met "openbare pad", soos omskryf.

3.26 VERVOERSONE III

3.26.1 *Kleurnotasie:* ligbruin met swart arsering.
*Primêre gebruik:* openbare parkering.
*Vergunningsgebruike:* geen.

3.26.2 Geen struktuur mag opgerig word of gebruik beoefen word nie behalwe dié wat bestaanbaar is met "openbare parkering", soos omskryf.

3.27 OWERHEIDSONE

3.27.1 *Kleurnotasie:* rooi.
*Primêre gebruik:* owerheidsgebruik.
*Vergunningsgebruike:* geen.

3.27.2 Die grondgebruikbeperkings en verdere bepalings van toepassing op hierdie sone geld soos vir elke perseel of gebruik of tipe gebou goedgekeur deur die Administrateur of, indien deur die Administrateur daartoe gemagtig, die raad.

3.28 SPESIALE SONE

3.28.1 *Kleurnotasie:* blougroen.
*Primêre gebruik:* spesiale gebruik.
*Vergunningsgebruike:* bewaringsgebruik.

3.28.2 Indien spesiale faktore die skepping van 'n nuwe sone vir 'n perseel of persele op die soneringskaart regverdig sonder dat die skepping van 'n nuwe sone in die skemaregulasies geregverdig is, word sodanige grond gesoneer as 'n spesiale sone op die soneringskaart. Elke sodanige stuk grond wat as sodanig gesoneer word en ten opsigte waarvan die grondgebruikbeperkings verskil van dié van ander grond wat as sodanig gesoneer is, word apart genommer op die soneringskaart. 'n Spesiale sone kan uit verskillende stukke grond bestaan mits die grondgebruikbeperkings dieselfde is. Aan elke spesiale sone ten opsigte waarvan die grondgebruikbeperkings verskil van dié van ander spesiale sones, word 'n aparte nommer toegeken (van 1 af), en elke nommer, met die gepaardgaande grondgebruikbeperkings, word as 'n aparte spesiale sone beskryf in 'n aanhangsel by hierdie skemaregulasies.

3.29 ONBEPAALDE SONE

3.29.1 *Kleurnotasie:* blougroen met bloupers omlyning.
*Primêre gebruik:* geen.
*Vergunningsgebruike:* geen.

3.29.2 Behoudens die bepalings van artikel 14(8) van die Ordonnansie mag geen gebou in hierdie sone opgerig word en geen gebruik in Tabel B in regulasie 2.5 van hierdie regulasies vermeld, in hierdie sone beoefen word nie.

4.0 ALGEMEEN

4.1 *Aanwending van gesoneerde grond*

4.1.1 Niemand mag gesoneerde grond beskadig of verwoes sodat die aanwending daarvan vir die doeleindes waarvoor dit gesoneer is, vernietig of benadeel word nie: met dien verstande dat die raad toestemming daartoe kan verleen dat afvalmateriaal of vullis op sodanige grond gestort kan word.

4.1.2 Wanneer die raad sy toestemming kragtens hierdie regulasie verleen, kan hy enige voorwaardes oplê wat hy goed dink.

4.1.3 Behoudens die bepalings van enige ander weg mag geen bepaling van hierdie regulasie uitgelê word as 'n verbod op die redelike omheining van grond nie.

3.25 TRANSPORT ZONE II

3.25.1 *Colour notation:* light brown.
*Primary use:* public road.
*Consent uses:* none.

3.25.2 No structure shall be erected or use practised except such as is compatible with "public road", as defined.

3.26 TRANSPORT ZONE III

3.26.1 *Colour notation:* light brown with black hatching.
*Primary use:* public parking.
*Consent uses:* none.

3.26.2 No structure shall be erected or use practised except such as is compatible with "public parking", as defined.

3.27 AUTHORITY ZONE

3.27.1 *Colour notation:* red.
*Primary use:* authority usage.
*Consent uses:* none.

3.27.2 The land use restrictions and additional provisions applicable to this zone shall apply as for every site or use or type of building approved by the Administrator or, if authorised thereto by the Administrator, the council.

3.28 SPECIAL ZONE

3.28.1 *Colour notation:* blue-green.
*Primary use:* special usuage.
*Consent uses:* conservation usage.

3.28.2 If special factors justify the creation of a new zone on the zoning map for a site or sites without justifying the creation of a new zone in the scheme regulations, such site shall be zoned as a special zone on the zoning map. Every such portion of land which has been zoned as such and in respect of which the land use restrictions differ from those of other land which has been zoned as such shall be given a separate number on the zoning map. A special zone may consist of different portions of land, provided the land use restrictions are the same. Each special zone in respect of which the land use restrictions differ from those of other special zones shall be given a separate number (from 1 onwards), and each number with the accompanying land use restrictions shall be described as a separate special zone in an annexure to these scheme regulations.

3.29 UNDETERMINED ZONE

3.29.1 *Colour notation:* blue-green with blue-purple outline.
*Primary use:* none.
*Consent uses:* none.

3.29.2 Subject to the provisions of section 14(8) of the Ordinance, no building may erected in this zone and no use referred to in Table B in regulation 2.5 of these regulations may be practised in this zone.

4.0 GENERAL

4.1 *Utilisation of zoned land*

4.1.1 No person shall damage or destroy zoned land so as to destroy or impair its utilisation for the purpose for which it is zoned, provided that the council may consent to the deposit on such land of waste materials or refuse.

4.1.2 In giving its consent under this regulation, the council may impose such conditions as it may deem fit.

4.1.3 Subject to the provisions of any other law, nothing in this regulation contained shall be construed as prohibiting the reasonable fencing of land.

4.2 *Reservering van restant*

Waar die inwerkingtreding van 'n bepaling van die soneringskema die aankoop van 'n gedeelte van 'n grondeenheid deur die raad behels, kan genoemde bepaling deur die raad van toepassing gemaak word op die restant van die grondeenheid, indien—

4.2.1 die raad van mening is dat die restant te klein sal wees om as 'n aparte eenheid te ontwikkel, of

4.2.2 die ontwikkeling van die restant onwenslik sal wees.

4.3 *Opgelegde voorwaardes*

Waar toestemming verleen is om 'n gebou op te rig of enige werke uit te voer of om 'n gebou of grond vir enige bepaalde doeleindes aan te wend of om enige ander aktiwiteit uit te voer kragtens hierdie soneringskema en voorwaardes opgelê is, het sodanige voorwaardes dieselfde krag en uitwerking asof hulle deel van hierdie skema is.

4.4 *Nakoming van regulasies*

Geen bepaling van hierdie regulasies word geag vrystelling van die nakoming van enige van die raad se regulasies te verleen nie.

5 *Nie-konformerende persele*

Voordat skriftelike magtiging kragtens artikel 96(1) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), of artikel 96(1) van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1976 (Ordonnansie 18 van 1976), of 'n lisensie deur die raad uitgereik word ten opsigte van 'n perseel waarvoor daar nie 'n geldige lisensie op die datum van inwerkingtreding van hierdie skemaregulasies is nie, of wanneer 'n gebou uitgebrei of verander word, kan die raad vereis dat al die geboue op die perseel asook die perseel self in ooreenstemming gebring word met die grondgebruikbeperkings vervat in hierdie regulasies, met die verordeninge van die raad, en met enige ander wette wat van toepassing is.

4.6 *Aansoeke om vergunningsgebruik*

4.6.1 Behoudens die bepalings van regulasie 4.7 van hierdie regulasies kan die raad, waar aansoek by die raad gedoen word om sy toestemming tot die oprigting of aanwending van 'n gebou in 'n sone waarin 'n gebou van die voorgestelde tipe alleenlik met die spesiale toestemming van die raad opgerig en aangewend kan word, sy toestemming verleen of weier, en wanneer hy sy toestemming verleen, is hy geregtig om enige beperkende voorwaardes te stel wat hy goed dink in verband met die oprigting of aanwending van sodanige gebou.

4.6.2 Wanneer sodanige aansoek oorweeg word, moet rekening gehou word met die vraag of die gebruik waarvoor die gebou bedoel of ontwerp is, of die voorgestelde gebou, waarskynlik afbreuk aan die bevalligheid van die omgewing sal doen, insluitende afbreuk as gevolg van die uitlaat van rook, dampe, stof, geraas of reuke.

4.7 *Adverteer van voorgenome aansoek om vergunningsgebruik*

4.7.1 Iedereen wat van voorneme is om by die raad aansoek te doen om sy toestemming tot die oprigting of aanwending van 'n gebou of tot die aanwending van grond, hetsy geheel en al of gedeeltelik, vir enige doeleindes waarvoor die spesiale toestemming van die raad vereis word, moet, indien die raad van mening is dat enige grondeienaar moontlik 'n belang by die aangeleentheid het, eers die betrokke aansoek adverteer.

4.7.2 Die raad moet enige besware wat binne die tydperk in die advertensie vermeld, ontvang word, oorweeg en die aansoeker en die persone, indien daar is, van wie besware ontvang is, van sy beslissing in kennis stel.

4.7.3 Enige beslissing van die raad wat ingevolge hierdie paragraaf gegee word, geskied by wyse van spesiale besluit van die raad soos omskryf in die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), of die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1976 (Ordonnansie 18 van 1976).

4.8 *Voorwaardes van toepassing op vergunningsgebruike*

Vergunningsgebruike, soos gelys in Kolom 3 van Tabel B, is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

4.2 *Reservation of remainder*

Where the coming into operation of a provision of the zoning scheme involves the acquisition by the council of a portion of a land unit, the said provision may be applied by the council to the remainder of the land unit, if—

4.2.1 in the opinion of the council, the remainder will be too small to develop as a separate entity, or

4.2.2 the development of the remainder will be undesirable.

4.3 *Imposed conditions*

Where permission to erect a building or execute any works or to utilise a building or land for any particular purposes or to perform any other activity has been granted under this zoning scheme and conditions have been imposed, such conditions shall have the same force and effect as if they were part of this scheme.

4.4 *Compliance with regulations*

Nothing in these regulations contained shall be deemed to grant exemption from compliance with any of the council's regulations.

4.5 *Non-conforming sites*

Before written authority is granted in terms of section 96(1) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), or section 96(1) of the Divisional Councils Ordinance, 1976 (Ordinance 18 of 1976), or a licence is issued by the council with regard to a site for which there is no valid licence on the date of coming into operation of these scheme regulations, or when a building is extended or changed, the council may require that all the buildings on the site and the site itself be brought into line with the land use restrictions contained in these regulations, with the by-laws of the council, and with any other laws which are applicable.

4.6 *Applications for consent use*

4.6.1 Subject to the provisions of regulation 4.7 of these regulations, the council may , where application is made to it for its consent to the erection or utilisation of a building in a zone in which a building of the type proposed may be erected and utilised only with the council's special consent, grant or refuse its consent, and shall in granting its consent be entitled to impose such restrictive conditions as it may deem fit governing the erection or utilisation of such building.

4.6.2 In considering such application, regard shall be had to the question whether the use for which the building is intended or designed, or the proposed building, is likely to mar the amenity of the neighbourhood, including marring owing to the emission of smoke, fumes, dust, noise or smells.

4.7 *Advertisement of intended application for consent use*

4.7.1 Any person intending to make application to the council for its consent to the erection or utilisation of a building or to the utilisation of land, whether wholly or partly, for any purposes requiring the council's special consent, shall, if the council is of the opinion that any landowner may have an interest in the matter, first advertise the application concerned.

4.7.2 The council shall take into consideration any objections received within the period referred to in the advertisement and shall notify the applicant and the persons, if any, from whom objections were received, of its decision.

4.7.3 Any decision of the council given in terms of this paragraph shall be by special resolution of the council as defined in the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), or the Divisional Councils Ordinance, 1976 (Ordinance 18 of 1976).

4.8 *Conditions applicable to consent uses*

Consent uses, as listed in column 3 of Table B, shall be subject to the following conditions:

gevolge enige van die raad se regulasies ingedien moet word), tekeninge of 'n ander voldoende aanduiding verstrek van die uiterlike voorkoms van die voorgestelde gebou, insluitende 'n beskrywing van die boustowwe wat vir dié doel gebruik gaan word, aan die raad vir oorweging voorlê. Die tekeninge moet op geskikte en sterk materiaal wees volgens 'n skaal van 1:100, behalwe dat waar die gebou so groot is dat 'n kleiner skaal nodig is, die tekeninge volgens 'n skaal van 1:200 kan wees. Die raad kan op enige wysiging van die uiterlike voorkoms en boustowwe wat hy goed ag, aandring.

4.12 *Oplaai- en aflaaigeriewe*

4.12.1 Uitgesonderd in sakesone IV, nywerheidsone I en nywerheidsone II kan die raad, ten einde die belemmering van verkeer op enige straat of voorgestelde straat waarop 'n voorgestelde gebou sal front of grens, te voorkom, van die eienaar vereis om voorstelle vir die goedkeuring van die raad in te dien ter versekering, tot genoeë van die raad, van geskikte en toereikende ruimte op die terrein vir die laai en aflaai van voertuie of die voorsiening van brandstof aan voertuie wat die aanwending van die gebou waarskynlik gewoonlik sal meebring.

4.12.2 Geen eienaar of bewoner van die gebou ten opsigte waarvan voorstelle ingevolge hierdie regulasie vereis is, mag die voortgesette laai of aflaai van voertuie of voorsiening van brandstof aan voertuie onderneem of wetens toelaat uitgesonderd in ooreenstemming met goedgekeurde voorstelle nie.

4.13 *Aanwending van buitegeboue*

Geen buitegeboue mag vir enige ander doel as dié waarvoor die planne deur die raad goedgekeur is, aangewend word nie, en geen sodanige buitegeboue mag aangewend word tot tyd en wyl die hoofgeboue voltooi is of bewoon word nie, tensy anders deur die raad besluit.

4.14. *Motorafdakke*

Onderworpe aan die raad se goedkeuring mag 'n motorafdak wat 'n straat- of kantboulyn sal oorskry, opgerig word onderworpe aan die volgende voorwaardes:

4.14.1 Die breedte van die motorafdak, gemeet parallel met die straatgrens, mag nie meer as 6 m wees nie.

4.14.2 Die motorafdak moet deur metaal-, hout-, baksteen- of sementpale of -pilare gesteun word. Hierdie pale of pilare kan 'n maksimum afmeting van 350 mm horisontale maat (of 350-mm-deursnit in geval van pyp) hê, en hoogstens vier pale of pilare mag op een sy van die motorafdak aangebring word.

4.14.3 Geen mure, behalwe grensmure, mag gebou word om die motorafdak in te sluit nie.

4.14.4 Die hoogte van die motorafdak, gemeet van die vloer tot die bopunt van die dak, mag nie 3 m oorskry nie.

4.14.5 Die sye van die dak moet netjies afgewerk wees met 'n fassie wat nie 'n diepte van 250 mm oorskry nie.

4.14.6 Die voorkant van die motorafdak mag nie nader as 300 mm aan die straatgrens wees nie.

4.14.7 Geen hekke mag toegelaat word wat op die sypaadjie oopmaak nie.

4.14.8 Standaardvoorsorg moet getref word vir die opvang en wegvoer van reënwater van die motorafdakke af.

4.14.9 Skriftelike bevestiging van die aanliggende eienaar(s) in die geval van 'n oorskryding van 'n kantboulyn, en die eienaar(s) van beide aanliggende grondeenhede in die geval van 'n oorskyding van 'n straatboulyn, ten effekte dat hulle geen beswaar teen die voorgestelde motorafdak het nie, moet verkry word.

4.15 *Raad se pligte*

Die raad moet enige persoon toelaat om op enige redelike tyd insae te hê in enige skemaregulasies, soneringskaart of register, soos beoog by artikels 9, 10 en 12 onderskeidelik van die Ordonnansie, wat in die kantoor van die raad bewaar word; met dien verstande dat enige in-

particulars required to be submitted under any of the council's regulations), with drawings or some other sufficient indication of the external appearance of the proposed building, including a description of the building materials to be used for that purpose. The drawings shall be upon suitable and durable material to a scale of 1:100, except that where the building is so extensive as to render a smaller scale necessary, the drawings may be to a scale of 1:200. The council may require such alteration to the external appearance and building materials as it may deem necessary.

4.12 *Loading and unloading facilities*

4.12.1 Except in business zone IV, industrial zone I and industrial zone II, the council may, for the purpose of preventing the obstruction of traffic on any street or proposed street on which a proposed building will front or abut, require the owner to submit for its approval proposals for ensuring, to the council's satisfaction, suitable and sufficient space on the site for any loading, unloading or fuelling or vehicles which the utilisation of the building is likely to entail normally.

4.12.2 No owner or occupant of the building in respect of which proposals under this regulation have been required shall undertake or knowingly permit the continued loading or unloading or fuelling of vehicles otherwise than in accordance with approved proposals.

4.13 *Utilisation of outbuildings*

No outbuilding may be utilised for any purpose other than that for which the plans have been approved by the council, and no such outbuilding may be utilised until the main buildings are completed or occupied, unless otherwise resolved by the council.

4.14 *Carports*

Subject to the council's approval, a carport which will exceed a street or side building line may be erected subject to the following conditions:

4.14.1 The width of the carport, measured parallel to the street boundary, shall be not more than 6 m.

4.14.2 The carport shall be supported by metal, wooden, brick or cement poles or pillars. These poles or pillars may have a maximum measurement of 350 mm horizontal gauge (or 350 mm diameter in the case of piping), and at most four poles or pillars may be provided on one side of the carport.

4.14.3 No walls, except boundary walls, shall be constructed so as to enclose the carport.

4.14.4 The height of the carport, measured from the floor to the top of the roof, shall not exceed 3 m.

4.14.5 The sides of the roof shall be neatly finished with a fascia not exceeding a depth of 250 mm.

4.14.6 The facade of the carport shall be not closer than 300 mm to the street boundary.

4.14.7 No gates which open onto the pavement shall be permitted.

4.14.8 Standard provision shall be made for the collection and run-off of rainwater from the carport.

4.14.9 Written confirmation from the adjoining owner(s), if a side building line will be exceeded, and the owner(s) of both adjoining land units, if a street building line will be exceeded, to the effect that they have no objection against the proposed carport shall be obtained.

4.15 *Council's duties*

The council shall allow any person at any reasonable time to examine any scheme regulations, zoning map or register, as contemplated by sections 9, 10 and 12 respectively of the Ordinance, which are or is kept in the office of the council; provided that any information in con-

(d) Die vlegafstand (afstand tussen aansluitings in verskillende rigtings), dit wil sê tussen die naaste hoeke van die betrokke strate, moet minstens 40 m wees.

(e) Die hoek van aansluiting van strate moet minstens 70° wees.

5.2.4 Die toestaan van 'n aansoek om onderverdeling ingevolge artikel 25(1) van die Ordonnansie met die oog daarop om toe te laat dat twee of meer aaneengeskakelde wooneenhede onder aparte titel gehou word, is onderworpe aan die volgende voorwaardes, waaraan voldoen moet word voor die uitreiking van 'n skriftelike magtiging deur die raad soos wat by artikel 31(1) van die Ordonnansie beoog word:

(a) Waar restourasie of verbetering deur die raad nodig geag word, moet die geboue ten volle gerestoureer of verbeter word tot sy genoeë, en

(b) waar dit deur die raad nodig geag word, moet een parkeerplek op elk van die grondeenhede voorsien en aangelê word tot genoeë van die raad.

5.2.5 Nadat 'n onderverdeling ingevolge artikel 25(1) van die Ordonnansie toegestaan is met die oog daarop om toe te laat dat twee of meer aaneengeskakelde wooneenhede onder aparte titel gehou word, moet die persoon wat op enige tydstip die eienaar is van enige grondeenheid wat direk by die onderverdeling betrokke is—

(a) enige gemeenskaplike deel van 'n steunmuur, dak, pyp, geut, bedrading of ander struktuur of ding op sodanige grondeenheid en enige ander grondeenheid onderhou;

(b) elke deel van sodanige muur, dak, pyp, geut, bedrading of ander struktuur of ding wat op sodanige grondeenheid is of daaroor gaan, onderhou;

(c) toegang tot sodanige grondeenheid toelaat vir die doel van die onderhoud, skoonmaak, opknapping, herstel, hernuwing en verandering van en byvoeging tot enige muur, dak, pyp, geut, bedrading of ander struktuur of ding, en niks doen om sodanige toegang of werk te verhoed of te verhinder nie, en

(d) nie enige veranderings aan of toevoegings tot enige deel van die geboue wat op sodanige grondeenheid opgerig is, insluitende grensmure en heinings, aanbring of enige deel van sodanige geboue sloop nie, of die buitekleurskema of boustof van sodanige geboue sonder die skriftelike goedkeuring van die raad verander nie, of toelaat dat die buitekant van die geboue agteruitgaan of onnet of vuil raak nie.

5.2.6 Nadat 'n onderverdeling ingevolge artikel 25(1) van die Ordonnansie toegestaan is, moet die persoon wat op enige tydstip die eienaar is van enige grondeenheid wat direk by die onderverdeling betrokke is, sonder vergoeding—

(a) toelaat dat hoofgasleidings, elektriese, telefoon- en televisiekabels en/of -drade, hoof- en/of ander waterpype en vuilriole en stormwaterpype, -vore of -kanale van enige ander grondeenheid of -eenhede oor die betrokke grondeenheid gevoer word, en dat oppervlakinstallasies soos mini-substasies, meterskakelkaste en dienspilare daarop opgerig word, indien dit deur die raad nodig geag word en op die wyse en plek wat van tyd tot tyd redelikerwys vereis word; dit sluit in die reg van toegang tot die grondeenheid op enige redelike tyd met die doel om enige werke in verband met bogenoemde op te rig, te verander, te verwyder of na te sien, en

(b) die materiaal ontvang of die uitgrawings op die grondeenheid toelaat wat nodig is om die gebruik van die volle breedte van 'n aangrensende straat moontlik te maak en die padwal van 'n veilige en behoorlike helling te voorsien, wat vanweë verskille tussen die vlak van die straat soos finaal gebou en die vlak van die grondeenheid noodsaaklik is, tensy hy verkies om steunmure tot genoeë van die raad en binne 'n tydperk deur die raad bepaal, te bou.

5.2.7 Ingevolge artikel 31(2) van die Ordonnansie kan 'n raad toelaat dat 'n gebou of struktuur opgerig word op 'n grondeenheid wat deel uitmaak van 'n onderverdeling wat nie bevestig is nie.

(d) The weaving distance (distance between intersections in different directions), that is between the nearest corners of the streets concerned, shall be at least 40 m.

(e) The angle of intersection of streets shall be at least 70°.

5.2.4 The granting of an application for subdivision in terms of section 25(1) of the Ordinance with a view to permitting two or more attached dwelling units to be held under separate title shall be subject to the following conditions which shall be complied with before the issuing of a written authority by the council as contemplated by section 31(1) of the Ordinance:

(a) Where restoration or improvement is considered necessary by the council, the buildings shall be fully restored or improved to its satisfaction, and

(b) where considered necessary by the council, one parking bay shall be provided and constructed to the satisfaction of the council on each of the land units.

5.2.5 Subsequent to the granting of a subdivision in terms of section 25(1) of the Ordinance with a view to permitting two or more attached dwelling units to be held under separate title, the person who at any time is the owner of any land unit directly involved in the subdivision shall—

(a) maintain such part of any retaining wall, roof, pipe, gutter, wiring or other structure or thing as is common to such land unit and any other land unit;

(b) maintain every part of such wall, roof, pipe, gutter, wiring or other structure or thing which is on or traverses such land unit;

(c) permit access to such land unit for the purposes of maintaining, cleaning, renovating, repairing, renewing, altering and adding to any wall, roof, pipe, gutter, wiring or other structure or thing, and shall not do anything which will prevent or hinder any such access or work from being done, and

(d) not make alterations or additions to or demolish any part of the buildings erected on such land unit, including boundary walls and fences, or change the exterior colour scheme or materials of such buildings without the written consent of the council, or permit the exterior of the buildings to deteriorate and become untidy or dirty.

5.2.6 Subsequent to the granting of a subdivision in terms of section 25(1) of the Ordinance, the person who at any time is the owner of any land unit directly involved in the subdivision shall be required, without compensation—

(a) to allow gas mains, electricity, telephone and television cables and/or wires, main and/or other waterpipes and foul sewers and stormwater pipes, ditches or channels of any other land unit or units to be conveyed across the land unit concerned, and surface installations such as mini-substations, meter kiosks and service pillars to be installed thereon, if considered necessary by the Council and in such manner and position as may from time to time be reasonably required; this shall include the right of access to the land unit at any reasonable time for the purpose of constructing, altering, removing or inspecting any works connected with the above, and

